## KUNSTENAAR INA VAN ZYL:

# Was dit nie vir 'n stuk papier nie...

**Laetitia Pople**

As die kunstenaar Ina van Zyl nie toevallig 'n kennisgewing opgeplak gesien het in die kunstegebou van die Universiteit Stellenbosch nie, het sy nie vandag in Amsterdam as kunstenaar gewoon en gewerk nie.

Dit was 20 jaar gelede toe sy aansoek gedoen het vir die Thami Mnyele-kunstenaarsverblyf, waarvan sy op dié stuk papier gelees het.

Vandag is sy al gevestig in Amsterdam en word verteenwoordig deur galerye daar en in Parys. Sy werk tans aan twee groot opdragprojekte in Nederland vanuit haar ruim ateljee naby die ou stadsmuur duskant die Amsterdamse stasie.

Sy was destyds tydgenote van Claudette Schreuders, Anton Kannemeyer, Conrad Botes en Peet Pienaar op Stellenbosch – waar sy ook met Kannemeyer en Botes meegewerk het aan *Bitterkomix,* die eerste onafhanklike strokiesprentboek in Afrikaans. Haar sosiale kommentaar en houtskooltekeninge daarin het aandag getrek.

Haar werk bestaan gewoonlik uit 'n nabyblik, partykeer buite verhouding vergroot, van onderwerpe soos 'n voet in 'n sandaal, geverfde toonnaels, skaamdele, tepels, puisies op 'n ken, vrugte in plastiekverpakkings en geknipte naels. Onderwerpe wat die kyker dalk mag dink nie aandag behoort te kry in "kuns" nie.

Die kunskurator Gavin Jantjes skryf dat 'n blik op haar werk 'n mens se denke deurmekaarkrap "en dat gevestigde raamwerke vir normaliteite verskuif" word. Ook dat haar werk "fassinasie, verwondering, versigtigheid en afsku wek".

Op die esel in haar ateljee is 'n aangrypende olieverfwerk op doek van 'n slapende seuntjie, haar broerskind.

Van Zyl het grootgeword in die digter Boerneef se wêreld, die Koue Bokkeveld, naby Ceres, waar haar ouers met sagtevrugte geboer het. Daar was nie kuns op skool nie, wel musiek, tog het sy geweet kuns is wat sy wil studeer.

"Ek het met 'n groot agterstand weggespring by die universiteit en het begin met grafiese ontwerp omdat my ouers en ek gedink het ek sou daarmee 'n werk kon kry," vertel sy. "Ek kon nie met van die materiale werk nie en moes my medestudente vra om te help."

Sy het later oorgeskakel na skone kuns, soos dit in daardie jare bekend gestaan het. Toe het sy aansoek gedoen vir die Mnyele-kunstenaarsverblyf in Amsterdam, waarna sy vir die Ateliersprogram van twee jaar gekeur is.

Sy is daarna gereeld uitstallings en projekte aangebied. In 2000 is sy vereer met die Koninklijke Prijs voor Vrije Schilderkunst wat jaarliks deur 'n beoordelaarspaneel toegeken word om jong kunstenaars aan te moedig om 'n kunsteloopbaan te volg.

Sy werk nou aan 'n opdragwerk van die Lewende Meestersstigting in Dordrecht in Nederland, 'n projek waarmee sy 'n kunsteband gaan smee tussen dié dorp en sy naamgenoot, die Oos-Kaapse Dordrecht – haar ma se geboortedorp.

Met dié projek verken sy die idee van 'n anker, of dit wat aan 'n mens vastrapplek gee in die wêreld en die idee van 'n tuiste.

Haar voorlegging bestaan uit sketse van voete van naderby. Die voet ag sy as anker en kontakpunt met die aarde.

Daarby voeg sy 'n rolprent van die Amerikaanse eksperimentele rolprentmaker Stan Brakhage getiteld *Window Water Baby Moving In.* Dit dateer van 1959 en dokumenteer die geboorte van sy baba.

"Die naelstring is die mens se eerste anker; in die prent toon hy aangrypend en onsentimenteel die wonder van die lewe," verduidelik sy. "Die prent wys dat die skep van lewe en die behoud daarvan steeds dieselfde is ná al die eeue. In die prent word die krag van die natuur sigbaar."

Visuele materiaal, dokumente en voorwerpe van die Suid-Afrikaanse Dordrecht is ingesluit by haar projek, asook borduurwerk van 28 vriende, kennisse en familielede van Suid-Afrika, Nederland en Namibië. Die borduurwerk is geïnspireer deur 'n skildery van die Deense skilder Vilhelm Hammershoi, *A Room at the Artist's Home at Strandgade, Copenhagen*, wat van 1901 dateer. Hammershoi, 'n groot inspirasie vir Van Zyl, se werk sluit aan by die stemming in die huis in Dordrecht waar haar werk gewys gaan word.

"Die leë kamers en grys lig van Noord-Europa in die huis herinner my aan sy stil en grys skilderye."

Die figure in sy skilderye is weggekeer van die kyker, hul rûe is op die buitewêreld gedraai en hulle is verdiep in hul eie geheime.

Die borduurders werk met die buitelyne van die kunswerk en interpreteer dit in die vyf kleure borduurgare wat Van Zyl verskaf het. Sy sien die borduurstekies ook as 'n tipe anker of dan 'n verewiging van 'n oomblik.

Daar gaan 'n opedag wees waarop daar 'n *performance*, ete en gesprek rondom die tentoonstelling plaasvind. Vroeg in 2020 open 'n tentoonstelling van haar en die Nederlandse kunstenaar Jan Beutener in die Museum More in Gorssel.

Nadat die drie maande van die Mnyele-kunsteverblyf destyds verby was, is Van Zyl gekeur vir die Ateliers-kunstenaarsverblyf, né afloop waarvan aanbiedinge vir uitstallings bly instroom het en sy het in Nederland aangebly.

Sy het in 1989 haar man, die komponis Bart Spaan, ontmoet.

"Destyds het niemand aansoek vir die Mnyele-kunstenaarsverblyf gedoen nie. Ek het ook nie gedink ek het 'n kans nie; ek was wit, bevoorreg en 'n vrou. Toe kry ek dit wraggies."

Dit was so 'n ryk ervaring, vertel sy. "Om die museums en kultuur te beleef, om veilig en selfstandig hier (in Nederland) te kan rondbeweeg, dit was ongelooflik."

Die Ateliers-verblyf was 'n groot uitdaging vir haar as jong kunstenaar. "Jy werk onafhanklik. Elke Dinsdag kom praat kunslui met jou oor jou werk. Ek het so baie geleer. Jy kry gereeld verskillende opinies oor jou werk. Ek moes baie hard dink. Dikwels was die opinies teenstrydig.

"Ek kon vir twee jaar intens werk en het baie goeie kontakte opgebou. Daar het gereeld gasdosente uit die buiteland gekom." Die gevierde Belgiese kunstenaar Luc Tuymans was een van dié wat haar bygestaan het.

Suid-Afrika klop nog in haar werk, al woon en werk sy al twee dekades in Nederland.

"My werk is baie geïnspireer deur die werk van Karel Schoeman; hy staan soos 'n rots vir my. Die manier hoe hy skryf, die stadige ritme van sy sinne, die landskap en plekke waaroor hy skryf. My werk gaan oor my lewe en bewussyn, wie ek is en waar ek vandaan kom en raak daarmee hopelik ook aan die universele begrip van bestaan."


Daar is baie afsetpunte vir haar werk in Nederland. Sy word verteenwoordig deur die Galerie Onrust en die Franse Galerie Bernard Jordan. "Al die munisipaliteite, hospitale en banke en ander groot sakeondernemings het byvoorbeeld kunsversamelings."

Sy sal nie 'n solo-tentoonstelling in die Tate Modern in Londen of Moma in New York weier nie, skerts sy. "Dit is vir my lekker soos dit nou is, daar is belangstelling in my werk en dit is hanteerbaar."

■ **Laetitia Pople is tans die Media24-verteenwoordiger in Suid-Afrikahuis in Amsterdam.**



**Ina van Zyl**
Foto: MICHELE VAN NIEUWKERK



***Darling Buds*, olieverf op doek (60 cm x 40cm), 2015, deur Ina van Zyl is opgeneem in die versameling van die Dordrechtsmuseum in Nederland.**
Foto: PETER COX, GALERIE ONRUST IN AMSTERDAM